

6 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 83:10-19 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 83:17-19

Gebed vir 'n voorbeeldige lewe

Dit is duidelik dat die digter van Psalm 83 graag wil dat mense wat God (nog) nie ken nie, uiteindelik moet weet Wie die Here is, ja, hulle moet besef en ervaar dat God bestaan (vs 17, 19).

Hoe bring jy mense daartoe dat hulle kan weet wie is die Here? Uit hierdie Psalm en uit die Nuwe Testament kan ons die volgende afleidings maak:

- D
ie *eerste saak* wat die Psalm ons leer, is om ons daarop te wys dat die mense wat ons tot 'n besef van die Here wil bring, soms openlik vyandig teenoor God (vs 3, 6) en teenoor jou is (vs 4, 5).
- D
ie *tweede saak* wat die Psalm ons leer, is dat ons nie dieselfde fout as die digter moet maak nie, naamlik deur kwaad met kwaad te vergeld. "Maak die lewe vir hulle een lang verskrikking", lees ons in vers 18. Eintlik sê die digter dat God die gelowiges moet help om die lewe vir hierdie ongelowiges 'n verskrikking te maak (vs 11). Maar dit sal nie mense tot God bring nie. Wat moet ons dan doen?
- D
it bring ons by die *derde saak* en sommer ook die Nuwe Testament. Ons moet soos Jesus nie kwaad met kwaad vergeld nie (1 Pet. 2:23), maar moet eerder ons lig voor hierdie mense skyn (Matt. 5:14). Ons lig is om ons goed onder die heidene te gedra sodat hulle ons voorbeeldige lewe kan sien, wat daartoe sal lei dat hulle God sal verheerlik of erken dat Hy die Here is (1 Pet. 2:12). Ons lig is goeie dade wat ook beteken dat ons mense in hulle nood moet bystaan, ondersteun en eerder die lewe vir hulle makliker sal maak in plaas van 'n verskrikking.
- D
ie *vierde saak* wat die digter onder ons aandag wil bring, is die gebed (vs 1). Soos hy, moet ons God biddend vra dat God deur sy Gees my lewe voorbeeldig en vol liefde sal maak.

Wat kan jy vandag doen ('n getuie wees), wat iemand (dalk 'n ongelowige) se lewe so bietjie makliker sal maak?

Sing: Psalm 83:4 (2001)

Dr. AL Rheeder (Wesrand)